**Donderdag 16 Maart**
**Skrifgedeelte: 1 Samuel 8:1-9**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 8:7**
**Wees anders om eenders te wees!**

Israel was anders as al die ander volke om hulle. Dit was nie ’n andersheid ter wille van andersheid nie, maar ’n andersheid omdat hulle God as Vader en Koning gehad het. Dit was dus ’n andersheid wat hulle in ’n besondere sin ook eenders gemaak het: ’n volk van God!

Maar om verskeie redes vra hulle: “Ons wil ’n koning hê SOOS AL DIE ANDER NASIES.” Hulle wil hulle andersheid prysgee om soos al die ander nasies te kan wees.

Dit klink na ’n billike versoek, maar prakties het dit beteken dat hulle God as Koning verwerp. Met hierdie versoek loop hulle agter die gewoontes en gebruike van die wêreld aan en nie meer agter God aan nie. Hulle hoop vestig nou op ’n mens en nie meer direk op God nie.

Die kerk, of die koninkryk van die Here, het vandag net een Koning, en dit is Christus. Ons andersheid is juis daarin geleë dat ons Hom volg. Dit maak jou anders as die res van die ongelowige wêreld. Jou andersheid kom na vore in praktiese dinge:

- Om op ’n Sondag kerk toe te kom, maak jou anders.
- Die feit dat jy jou Bybel lees en tot God bid, maak jou anders.
- Die feit dat jy oor reg en verkeerd oordeel uit die Bybel, maak jou anders.
- Jou gehoorsaamheid aan God maak jou anders.

Kom ek vat saam: Jou verhouding met God maak jou anders!

Kinders vra dikwels: Waarom mag ek nie dit of dat doen nie, my maatjies mag dit dan doen? Die rede is: Ons meet ons nie aan maatjies nie, maar aan wat ons Koning, Christus, sê. Dít is waarteen ons voortdurend moet waak: om ander mense as maatstaf in ons lewe te gebruik in plaas van Christus se Woord!

Israel het vir ’n koning gevra ... Wat vra jy van jou Koning?

*Sing: Psalm 146-1:2, 3*

*Ds. CJ van Vuuren (Christo) (Hartbeespoort)*